HOëRSKOOL STRAND

# GREPE UIT `N GOEIE GESKIEDENIS

## DIE GEBOORTE VAN HOËRSKOOL STRAND
## DEEL 1

Hierdie terugblik op die besondere pad waarlangs die Hoërskool Strand die afgelope vyftig jaar gekom het, kon dalk met “goue geskiedenis” in plaas van “goeie geskiedenis” begin het. Goud dui immers op iets kosbaars, wat die alma mater inderdaad vir soveel trotse oudleerlinge was en is, maar ons bêre daardie een vir die eeufeesviering.

In hierdie eerste aflewering gaan dit om al die eerstes wat die skool beleef het. En die heel eerste vir die totstandkoming van `n skool is `n idéé wat onstaan het. In die geval van Hoërskool Strand was die idee tweërlei van aard: die enigste hoërskool in die Helderbergkom was destyds die Hoërskool Hottentots Holland, en hierdie skool het uit sy nate gebars. Dan was daar ook in die Strand, met sy oorwegend Afrikaanssprekende bevolking, `n sterk behoefte aan `n skool wat net in Afrikaans onderrig sou aanbied.

In Januarie 1958 het die skoolkomitee van HHH die onderwysdepartement versoek om `n tweede hoërskool vir die gebied te oorweeg, waarop die departement `n stuk grond aangekoop het en `n tussentydse komitee gekies het.

In 1961 vra die tussentydse komitee dat die nuwe skool in Januarie 1962 geopen moet word. `n Privaat woonhuis word voorlopig in Millstraat 96 vir R1000 per jaar gehuur totdat die nuwe skoolgebou voltooi is.

20 Januarie: Die eerste skoolhoof, mnr. MJ Odendaal, wat van HHH af oorgekom het, en sy personeel bestaande uit mnre. JL van Zyl, DE Marais, DA Walters en mev. M Keable werk die hele dag om die woonhuis in `n skool te omskep.

Op 22 Januarie word hierdie nuwe skool as die Hoërskool Valsbaai op die grasperk voor die huurhuis met 97 standerd 6-leerlinge geopen.

12 Februarie 1962: `n Konstruksiemaatskappy kry die kontrak om die nuwe skoolgebou vir R219 867 te bou. Die saal moes eers wag totdat die skool R16 500 kon bydra. In daardie stadium het die skool nie `n enkele sent gehad nie.

1 Maart 1962: Die eerste skoolkomitee word verkies, met ds. JJ Jordaan as voorsitter.

8 Junie 1962: Nadat die R16 500 bekom is, word die skoolsaal uiteindelik ten bedrae van R 27 833 gebou.

1 Julie 1962: Die Hoërskool Valsbaai word herdoop tot die Hoërskool Strand.

22 Januarie 1963: Die nuwe gebou is nog nie voltooi nie en die skool heropen met 181 leerlinge in die huis in Millstraat. By gebrek aan ruimte word daar in twee sessies skoolgehou.

Die skooldrag met donkergroen as hoofkleur word in gebruik geneem.

***mnr. G Visser***
***Skoolhoof: 1983 - 1999***

waar jong arende sweef